**7 Februarie**

Skriflesing: Deuteronomium 32:1-47
Fokusgedeelte: Deuteronomium 32:3, 4

# Lofsing die Naam en werk van ons HERE!

Wanneer Moses hierdie loflied van hom sing, staan hy met die volk Israel aan die einde van 'n lang en moeisame pad deur die woestyn. Dit was nie 'n maklike pad nie – al die elemente van 'n woestyn en daarmee saam 'n opstandige en murmerende volk. Hy staan by die grense van die beloofde land, maar as gevolg van sy eie sonde van ongehoorsaamheid, sal hy die beloofde land nie ingaan nie. Hy kan nie deur die poort van die nuwe land gaan nie, maar die poort van die dood wag vir hom. As hy dus so terugkyk op die pad, dan pas 'n klaagsang eerder. Soveel teleurstelling en traumatiese ervarings laat ons kla.

Maar wat doen Moses? Deur die genade van God sing hy 'n loflied tot eer van God se Naam. Ja, 'n loflied terwyl hy teleurstelling en verdriet in sy hart ervaar en die dood op hom wag. Dit is maklik om 'n loflied te sing as dit goed gaan. Wanneer dit moeilik gaan, vra dit egter die inspanning van ons geloof. Dit is net genade.

Moses besing hier aan die einde van sy lewe nie sy groot dade nie. Hy besing die grootheid van God Hy noem Hom die Rots – 'n God van trou en sonder onreg; regverdig en reg is Hy. Ons lewens word dalk ook gekenmerk deur gebeurtenisse wat droefheid en vreugde gebring het. Ons moet soos 'n Moses nie net na die gebeurtenisse kyk nie, maar ons moet opkyk na God ons Vader in Christus, wat te midde van al die gebeure en wisselinge dieselfde God gebly het – die Rots.

Moses sing egter nie net 'n loflied op God se Naam nie, maar ook op sy werk. Dan getuig hy dat God se werk volkome is. En hy doen dit ten spyte daarvan dat die dinge wat in sy lewe en die van die volk, dikwels onbegryplik was.

Al was God se werk dalk soms onbegryplik en was sy weë met ons nie verstaanbaar nie, was die doel om ons nader aan Hom te bring. Hy beloof dat Hy in Christus alles vir ons ten goede laat meewerk. Hy beloof dat Hy ons nooit bokant ons kragte sal beproef nie. Moses se opdrag aan die volk wat ook by die grense van 'n nuwe land staan is: Gee grootheid aan onse God!

Sing: Psalm 31:1 ,2, 3, 17

Ds TC de Klerk (Okahandja)